| BLOK 1 | Verdamping uit verdampingspan (mm/week) | Waarnemings in die veld | | Grafieke | Gevolg-trekking | Skedule (minute) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Datum | | 0-20cm | 20-40cm | | | Ma | Woens | Sat |
| 16/09/05 | | *2* | *3* | *3* | *3* | *0* | *90* | *120* |
| 16/09/12 | | *4* | *5* | *4* | *4* | *0* | *0* | *60* |

Vanaf hierdie tabel kan gesien word wat die vogstatus vóór besproeiing was, wat die verdampingsbehoefte was en hoe jy reageer het. Indien jy swak gereageer het, sal jy dit uit die volgende week se waarnemings kan sien en dit dan dienooreenkomstig korrigeer. MEET—INTEGREER—REAGEER.

Sleutel: Die 1 tot 5 beoordelingstelsel word algemeen gebruik vir die kwalitatiewe meting van grondvog.

1 - Stowwerig droog
2 - Krummelrig droog
3 - Perfek
4 - Degerig nat
5 - Sopnat

'n "1 of 5" is nie toelaatbaar nie, aangesien water en suurstof onderskeidelik beperkend is.

- 'n Beheersde "2 tot 3" word gebruik om:
  - Set te verbeter (vóór volblom sodat die grond tyd het om warm te word)
  - Groeikrag te verminder
  - Blom inisiasie te verbeter (40-60 dae ná volblom), maar wees versigtig dat daar nie 'n verlies van vruggroei is nie.

- 'n Beheersde "3 tot 4" kan gebruik word om:
  - Groeikrag te verhoog
  - Bemestingstowwe in te was
  - Aan te vul voor warm dae.

- Hou by 'n "3" tydens kritieke stadiums soos volblom en vinnige vruggroei.
- Van tyd tot tyd moet jy so diep as jy kan grawe om te sien hoe diep benatting plaasvind. Let op wat die maksimum besproeiingsduur is voor die water verby die buffersone (20cm onder die wortelsone) perkoleer. Moet nooit langer as hierdie "maksimum" tyd besproei nie omdat die water dan gemors word.
- Vanaf bot tot die einde van pitverharding is nie 'n kritiese besproeiingstyd
- nie omdat die watervraag vanaf die plant relatief laag is. Ná hierdie tydperk betree ons die kritiese selvergrotingsfase.

